U3A STILBAAI

FINANSIËLE VERSLAG : 2019– 2020

Die Finansiële State is op bladsye 2 en 3 van hierdie verslag; meer detail oor sommige van die inskrywings en ander aspekte van die verslag is hieronder (die paragraaf nommers verskyn teenoor die inskrywings op die state).

1. Verslag periode.

   Die verslag dek ‘n periode van 18 maande van 1 Julie 2019 tot 31 Desember 2020. Die syfers vir dié tydperk kan nie direk vergelyk word met dié van die vorige jaar nie. Die rede vir die 18-maande tydperk is dat in Junie 2020 lede besluit het om die finansiële jaar te verander van die 1 Julie – 30 Junie periode tot ‘n 1 Januarie – 31 Desember periode. Om hierdie besluit uit te voer is die jaareinde van die 2019-20 finansiële jaar verleng van 30 Junie 2020 na 31 Desember 2020, dus die 18-maande verslag tydperk.

2. Inkomste.

   Die Covid-19 inperkings vanaf April het ‘n effek op ons finansies gehad, maar dit is nie so erg as wat dit kon wees nie. Ons hoof bron van inkomste is ledegelde, en dié was meestal al betaal teen einde 2019. Die besluit om die finansiële jaar te verander, het ook ledegelde geldig gemaak tot 31 Desember 2020. Inkomste van kursus- en uitstappie-gelde is ongeveer 50% van die vorige jaar se bedrag, maar it is verstaanbaar aangesien kursusse en uitstappies vir die grootste deel van 2020 kanselleer is.

3. Die Jagersbosch Fonds.

   In Januarie is R4 000 van die U3A Stilbaai gelde oorgedra na die Jagersbosch Fonds sodat ons ‘n bydrae kon maak vir opgradering van die video- en klankstelsel in Die Waenhuis. Jagersbosch het meer as R22 000 spandeer aan ‘n nuwe data-projektor en opgradering van die klankstelsel, U3A Stilbaai het R11 000 bygedra tot hierdie projek. Voor hierdie donasie, het ons ook R80 betaal vir ‘n nuwe kabel vir die klankstelsel.

   Gedurende die verslagperiode is ‘n totaal van R6 966.00 in die fonds inbetaal: dit behels die R4 000 donasie van U3A, R2301 van die wyn-uitloting by die maandelikse lesings, en R665 van kursus en uitstappie fooie. Aan die einde van die jaar was die balans in die Jagersbosch Fonds R1 808.88.

4. Voëlgroep Fonds.

   Die Voëlgroep Fonds het met R444.00 toegeneem, dit bring dit op ‘n totaal van R999.44. Die fonds het geen uitgawes die jaar gehad nie.

5. Fotografie Groep Fonds.

   Die Fotografie Groep Fonds se inkomste was R468.00, die totaal teen jaareinde was R922.00. Daar was geen uitgawes uit die fonds in die verslagtydperk nie.

6. Lening onder Laste in Balansstaat.

   Ledegelde betaal deur nuwe lede wat vanaf die einde Maart 2020 aangesluit het, is aanvaar as hul ledegelde vir 2021 aangesien ons aktiwiteite vir meeste van die jaar opgehef is. Gedurende die laaste maande van die jaar het sommige huidige lede ook reeds hul fooie vir 2021 betaal. Hierdie R510 is ingeskryf as ‘n lening vanaf die 2021 finansiële jaar aan die huidige jaar, aan die begin van 2021 sal die lening terugbetaal word deur die bedrag van R510 as inkomste by ledegelde vir 2021 aan te teken.

7. Honorarium vir sprekers.

   Ons grondwet laat ons toe om redelike onkostes van sprekers of aanbieders by groep vergaderings te vergoed. Die komitee het tevore besluit dat sprekers en aanbieders van buite Stilbaai ‘n honorarium betaal kan word afhangende van die afstand wat hulle moet reis en ander uitgawes aangegaan. Die komitee het besluit om Jenni Sharkey, sameroeper van die Neurowetenskap Groep, ‘n eenmalige honorarium van R1 200 vir die finansiële jaar te betaal as ‘n gedeeltelike bydrae tot haar reiskostes want sy kom elke maand van Ladismith na Stilbaai om baie interessante neurowetenskap besprekings aan te bied.

8. Tekort aan einde van verslagperiode.

   Aan die einde van die verslagperiode het ons ‘n tekort van R2 237.30. Die R11 000 donasie aan Jagersbosch is die hoofrede vir die tekort, maar die langer finansiële jaar het ook bygedra sowel as die Covid-19 inperkings. Maar, hierdie tekort is nie ‘n negatief nie as ons in ag neem dat die vorige jaar met ‘n surplus van R10 998.45 afgesluit is. Die komitee het besluit dat dit is nie ons doelwit om ‘n groot bankbalans op te bou nie, die gelde wat ons van ons lede insamel moet verantwoordelik en doeltreffend benut word.

U3A STILBAAI FINANSIËLE STATE

BALANSSTAAT
31 Desember 2020

		2019/20	2018/19
	1	1/7/2019 - 31/12/2020	1/7/2018 - 30/6/2019
BATES			
Bankrekening		R 16 268.18	R 18 805.54
U3A fondse		R 12 538.46	R 11 873.22
Jagersbosch Fonds	3	R 1 808.28	R 5 922.88
Voëlgroep Fonds	4	R 999.44	R 555.44
Fotografie Groep Fonds	5	R 922.00	R 454.00
Kontant		R 0.00	R 150.00
TOTALE BATES:		R 16 268.18	R 18 955.54
LASTE			
Lening (Ledegelde vooruit betaal)	6	R 510.00	R 960.00
TOTALE LASTE:		R 510.00	R 960.00
NETTO BATES		**R 15 758.18**	**R 17 995.54**
BALANS			
Balans oorgedra		R 17 995.54	R 6 997.09
Huidige jaar surplus/tekort	8	-R 2 237.36	R 10 998.45
BALANS soos op 31 Des 2020		**R 15 758.18**	**R 17 995.54**

U3A STILBAAI FINANSIËLE STATE

INKOMSTES & UITGAWES
1 Julie 2019 - 31 Desember 2020

		2019/20	2018/19
	1	1/7/2019 - 31/12/2020	1/7/2018 - 30/6/2019
INKOMSTE			
Ledegelde	2	R 9 700.00	R 9 630.00
Kursus & Uitstappie fooie	2	R 986.00	R 1 918.50
Jagersbosch Fonds	3	R 6 966.00	R 6 556.10
Voëlgroep Fonds	4	R 444.00	R 444.00
Fotografie Groep Fonds	5	R 468.00	R 118.00
Bank Rente		R 14.49	R 6.76
Donasies ontvang		R 100.00	R 0.00
Ander		R 0.00	R 100.00
TOTALE INKOMSTE:		R 18 678.49	R 18 773.36
UITGAWES			
Geskenk vir sprekers		R 657.95	R 773.90
Verversings aangekoop		R 178.00	R 6.70
Skryfbehoeftes, ens		R 100.00	R 651.20
Internet: domein registrasie		R 190.00	R 308.00
Internet: maandfooie		R 1 062.00	R 590.00
Naamplaatjies		R 238.00	R 400.20
Honorarium vir sprekers	7	R 1 200.00	R 500.00
Fonds oordragte		R 4 000.00	R 0.00
Jagersbosch Fonds aankope	3	R 11 080.00	R 2 577.80
Voëlgroep uitgawes	4	R 0.00	R 0.00
Fotografie Groep uitgawes	5	R 0.00	R 0.00
Bankfooie		R 1 759.00	R 1 090.61
Diverse		R 450.90	R 876.50
TOTALE UITGAWES:		R 20 915.85	R 7 774.91
OORSKOT / TEKORT	8	**-R 2 237.36**	**R 10 998.45**

Verslag opgestel deur:

Niel van Wyk
Tesourier: U3A Stilbaai.
31 Desember 2020